Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

APRIL 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

OVERSTRAND VERWELKOM NUWE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN SY SPAN

Overstrand se nuutverkose Uitvoerende Burgemeester in die geselskap van die burgemeesterskomitee (van links na regs): rdl. Andrew Komani (bestuursdienste), rdl. Riana de Coning (finansies), Burgemeester Dudley Coetzee, onderburgemeester Elnora Gillion (ekonomiese ontwikkeling en toerisme, tesame met beskermings dienste), Arnie Africa (gemeenskapsdienste) en Kari Brice (infrastruktuur en beplanning)

Op Woensdag 28 Februarie 2018 het Overstrand se nuutverkose uitvoerende burgemeester, raadsheer Dudley Coetzee, sy intreerede gelewer in Hermanus se ouditorium. By dieselfde geleentheid is rdl. Elnora Gillion as uitvoerende onderburgemeester verkies en is 'n kleiner burgemeesterskomitee vir die tydperk 2018 - 2021 aangewys.

Te danke aan Burgemeester se besluit om die burgemeesterskomitee met een lid minder te maak as kostebesparing, sal die portefeulje Beskermingsdienste voortaan tesame met dié van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder aanvoering van rdl. Gillion staan. Raadslid Riana de Coning is aangewys as die voorsitter van die portefeulje Finansies, onderwyl rdl. Andrew Komani toesien na Bestuursdienste, rdl. Kari Brice oor Infrastruktuur en Beplanning en rdl. Arnie Africa oor Gemeenskapsdienste.

NOU IS GROTTO TOEGANKLIK VIR ALMAL

danksy die ruim skenking van 'n amfibiese rolstoel

Overstrand se Blouvlagkoördineerder, Lauren Rainbird, was oorstelp van vreugde toe sy verneem het dat WESSA en die Ford-motormaatskappyfonds 'n amfibiese rolstoel vir Grotto se Blouvlagstrand gaan skenk. Hier verskyn, van links na regs, Rob Slater (WESSA se Blouvlagbestuurder), Lauren Rainbird, Dudu Nxele (Ford Wildlife Foundation), Richard Scholtz (Overstrand se superintendent: parke, sportgronde en strande) en Linda du Plessis (Ford Wildlife Foundation).

Fisies gestremde inwoners en besoekers aan Grotto se Blouvlagstrand kan nou op die sand kuier en hul tone in die Atlantiese Oseaan steek, danksy 'n splinternuwe amfibiese rolstoel wat spesifiek ontwerp is sodat hulle die strand kan gebruik. Hierdie amfibiese rolstoel het 'n stewige aluminiumraamwerk wat 'n gewig van tot 150 kg kan dra.

Die stoel is toegerus met drie wiele wat relatief wyer is as dié van 'n tradisionele rolstoel sodat daar met gemak oor die sand beweeg kan word. Voorts neem die stoel se armleunings die vorm van twee flotteertoestelle aan sodat die stoel veilig kan dryf wanneer dit in die water gestoot word. Die stoel is goedgunstiglik aan Overstrand geskenk deur WESSA (Wildlife and Environment Society of South Africa), die Nasionale Raad vir Persone met Gestremdhede (NCPD) en die Ford-motormaatskappyfonds. Die stoel sal vir die duur van die Blouvlagseisoen (1 Desember - 31 Maart) vir gebruik op Grotto-strand beskikbaar wees wanneer lewensredders aan diens is.

HOOGTEPUNTE UIT DIE BURGEMEESTER SE INHULDIGINGSTOESPRAAK

Tydens sy eerste toespraak voor die Raad op Woensdag 28 Februarie 2018 het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê dat dit sy hoofdoel is om te sorg dat die munisipaliteit se finansiële haalbaarheid gehandhaaf word en om te sorg dat die munisipaliteit sal aanhou om basiese dienste wat bekostigbaar en van 'n hoë standaard is, aan inwoners en besoekers te lewer. Eweneens, het hy bygevoeg, gaan hy daarop fokus om Overstrand se arm en benadeelde gemeenskappe op te hef en te bemagtig. "Om dit te vermag," het Coetzee gesê, "moet ons ekonomiese groei bewerkstellig deur 'n omgewing te skep waarbinne mense met vernuwende idees hul innoverings tot uitvoer kan bring sodat werksgeleenthede vir ons mense geskep kan word. Slegs wanneer ons mense in staat stel om selfversorgend te wees en op hul eie na hul gesinne om te sien, sal ons hul menswaardigheid ten volle kan ontwikkel". Met hierdie doelwit voor oë het Coetzee daarop gewys dat die tyd aangebreek het vir Overstrand om meer "beleggersvriendelik" te word deur sy regulasies te hersien en die rompslomp uit te skakel wat beleggers tans daarvan weerhou om hul ondernemings hier te vestig. Hy het egter hiertoe bygevoeg dat Overstrand eweneens sy reputasie as 'n aanspreeklike en verantwoordelike plaaslike owerheid moet handhaaf want, aldus Coetzee, is dít die tipe regering waarin mense wil belê. Oor die onderwerp behuising het Coetzee laat blyk dat die munisipaliteit gereed is om 'n plan te ontplooi waarvolgens bekostigbare behuising beskikbaar gestel sal word aan diegene wat tussen R8 000 en R20 000 per maand verdien. Ooreenkomstig hierdie plan sal behuisingsopsies van tussen R350 000 en R1 000 000 aan voornemende huiseienaars gebied word. Hy het ook verwys na die nypende watertekort wat tans in die Wes-Kaap ervaar word en gesê dat alhoewel Overstranders in teëstelling met sommige ander munisipaliteite elders in die provinsie nie so kwaai deur die droogte geknel word nie, hulle steeds sal moet aanleer hoe om "grys water" effektief in hul huise te gebruik. Insgelyks is dit aller noodsaaklik, aldus Coetzee, dat die munisipaliteit voortaan in sy goedkeuring van bouplanne aandag skenk aan ontwikkelaars se voorneme om water doeltreffend te gebruik. "Ten einde ons waterbronne verder aan te vul," het hy bygevoeg, "is dit onafwendbaar dat afvalwater herbehandel sal moet word. Wees gerus, die oogmerk is nog nie om afvalwater tot 'n drinkbare standaard te omskep nie. Maar ek dink almal sal saamstem dat afvalwater tot ten minste 'n standaard omskep moet word wat aanvaarbaar is vir die nat maak van tuine en sportgronde, die meng van sement, en die spoel van toilette - want niemand kan bekostig om aan te hou om drinkwater vir hierdie doeleindes te gebruik nie". Selfs die voortslepende bobbejaanprobleem is nie in die openingsrede oor die hoof gesien nie. In hierdie verband het Coetzee gesê dat hy 'n vergadering met minister Anton Bredell, die minister van plaaslike regering en omgewingsake in die Wes-Kaapse Wetgewer, belê het om uitsluitsel te kry oor wie daarvoor verantwoordelik is om die bobbejane uit Overstrand se woongebiede te hou. Die vergadering is vir 24 April geskeduleer en, indien dit sou blyk dat Overstrand op die lange duur vir bobbejaanbeheer aanspreeklik is, sal 'n bedrag van R14 000 000 oor die volgende drie jaar by Overstrand se volgende begrotingsiklus ingesluit word om hierdie probleem 'n finale nekslag toe te dien.

SÓ STAAN SAKE MET SMAAK EN REUK VAN GANSBAAI SE DRINKWATER

Sedert einde Februarie maak Overstrand se verskaffer van grootmaat-waterdienste gebruik van 'n tussentydse behandelingsproses om die onaangename smaak en reuk van Gansbaai se drinkwater te verminder. Hierdie toestand is toe te skryf aan alge wat tans die Kraaiboschdam oortrek. Dié probleem is seisoenaal van aard en duik gedurende die warm somermaande op, en 'n merkbare afname in die voorkoms van die alge in die onbehandelde waterbron is reeds gerapporteer. Juis daarom het die reuk en smaak van die drinkwater ook effe verbeter. Die munisipaliteit kan verbruikers met sekerheid gerusstel dat gesuiwerde water vry van alge is, en dat die alge slegs 'n vreemde reuk en smaak aan die onbehandelde waterbron verleen.

Franskraal se behandelingsaanleg is nie ontwerp om die onaangename smaak en reuk wat deur alge veroorsaak word, uit te skakel nie bloot omdat historiese data nie op die insluiting van sodanige proses by die ontwerp gedui het nie. Desnieteenstaande kan inwoners daarop reken dat alles moontlik gedoen word om 'n meer permanente oplossing te vind sou hierdie probleem weer in die toekoms opduik. Die resultate van watermonsters wat onlangs geneem is, dui daarop dat die water steeds vir menslike gebruik geskik is. Sedert die insident word monsters weekliks geneem om die veiligheid van Gansbaai se drinkwater te waarborg. Hierdie gebruik sal voortgesit word totdat die situasie gestabiliseer het, waarna die normale frekwensie vir die neem van monsters sal hervat.

OVERSTRAND SE KONSEPBEGROTING BY OMAF TOEGELIG

Op Dinsdag 20 Februarie het die (voormalige) voorsitter van die portefeulje finansies, Burgemeester Dudley Coetzee, die konsepbegroting vir 2018/19, tydens 'n openbare vergadering aan OMAF (Overstrand se munisipale adviesforum) voorgelê. Ten tyde van sy voorlegging het Coetzee daarop gewys dat alhoewel die munisipaliteit vordering maak met die vervanging van die verouderde en lekkende hoofwaternetwerk, heelwat kapitaal aangewend moet word om te sorg dat hierdie veldtog afgehandel en na die rioleringsnetwerk uitgebrei word. Gevolglik is dit onafwendbaar dat Overstrand hom op sy kontantreserwes sal moet verlaat. Ter versagting het Coetzee egter aangetoon dat Overstrand se likiditeits-vlakke aansienlik verbeter het sedert die munisipaliteit vier jaar gelede onderneem het om sy finansiële posisie te verbeter deur uitgawes te verminder en inkomste effe te verhoog. "Met ingang 30 Junie 2017 staan ons onbelaste inkomste en kontantwaarde op R259.8m, wat ons met 'n oorskot van R21m laat nadat daar vir statutêre likiditeitsvereistes en terugbetaalbare bedrae voorsiening gemaak is," het hy gesê, en bygevoeg dat kapitaalfondse weer eens vanjaar proporsioneel uit Overstrand se oorskot aangevul sal word, wisselende van R11.7m in die huidige boekjaar tot R20m volgende jaar. Volgens Coetzee het jaar-op-jaar-inflasie teen die einde van Desember 2017 net onder 6% beloop. Alles dui egter daarop dat inflasie vanaf Julie 2018 tot bó 6% sal styg wanneer verhoogde elektrisiteitstariewe aangekondig word. Teen die agtergrond soos hierbo geskets, is die voorneme om met hierdie konsep-begroting zero- (indien enige) verhogings af te dwing op items waaroor die Raad seggen-skap het, tensy sodanige verhoging behoorlik gemotiveer word en waar sodanige verhogings na behore gesubstansieer kan word. Klaarblyklik gaan Eskom se lewering van elektrisiteit aan munisipaliteite vanaf 1 Junie jaarliks met 7,32% styg. Uiteraard moes Overstrand hierdie voorgenome styging in berekening bring toe hy sy tariefstruktuur vir 2018/19 bepaal het. Gevolglik sal die gemiddelde huishouding se saamgestelde elektrisiteitskoste vir 2018/2019 ook met ongeveer 7,32% styg. "Die basiese heffing vir elektrisiteit sal met 9% styg om Eskom se verhoogde koste goed te maak, en eenheidskoste sal soos volg verhoog word: die eerste 350 eenhede teen 6,5%, die volgende 250 eenhede teen 6,9% en alle eenhede bó 600 teen 7,32%. Dit kom neer op 'n gemiddelde verhoging van 7,34% vir die eerste 350 eenhede elektrisiteit wat verbruik word," het Coetzee gesê. Om te verseker dat Overstrand steeds in 'n posisie is om op sy reserwes voort te bou, word daar voorgestel dat eiendomsbelasting oorhoofs met 7,2% verhoog word vir die lopende jaar. Die voorgenome verhoging in eiendomsbelasting vir 2018/2019 sal egter tot 6% beperk word. Die korting op eiendoms-belasting vir persone bo die ouderdom van 60 bly onverander. Die heffing van koste vir spoelriolering sal steeds as 70% van verbruikte drinkwater bereken word, met 'n afsnypunt van 35 kℓ. Die tariewe vir afvalverwydering, riolering en water styg almal, ooreenkomstig die konsepbegroting, met 6%. Coetzee het laat blyk dat die uitsondering in hierdie verband die tarief vir 0 - 6kℓ water is wat met 11,5% verhoog. Dit stem ooreen met 'n direktief van die Nasionale Tesourie wat bepaal dat die vlak en struktuur van watertariewe die kosprys ten volle moet reflekteer. Op die oomblik staan die kosprys vir die lewering van water op ongeveer R24.66 per kℓ. Die voorgestelde 2018/19-konsepkapitaalbegroting bedra R148.7 miljoen en die bedryfsbegroting R1.07 miljard.

Hier volg 'n paar uittreksels uit die voorgestelde kapitaalbegroting:

- Elektrisiteit: R22,2 miljoen
- Water: R32,1 miljoen
- Riolering: R29,2 miljoen
- Grootmaatstormwater: R3,1 miljoen
- Paaie: R6,5 miljoen
- Sport en ontspanning: R4,1 miljoen
- Gemeenskap- en maatskaplike dienste: R9 miljoen
- Wykspesifieke projekte: R5,2 miljoen
- Openbare veiligheid: R2,3 miljoen
- IKT, kleiner bates en voertuie: R20 miljoen
- Behuisingstoekenningsprojekte: R20,2 miljoen

• Die 2018/19-konsepbegroting sal ter openbare insae lê vir kommentaar nadat dit op 28 Maart 2018 aan die Raad voorgelê is.

RAPPORTEER ASSEBLIEF ALLE WATERLEKKE ONMIDDELLIK

Buitengewoon hoë waterrekenings is gewoonlik toe te skryf aan een van die volgende:

- **Foutiewe meterlesings**
- **Lekke**
- **Foutiewe meters**
- **Besproeiingstelsels**

Indien jy vermoed dat jou meterlesing foutief is, kan jy jou naaste munisipale kantoor kontak om die lesings teen ons finansiële rekords te kontroleer en om 'n afskrif aan te vra van die foto's wat oor die afgelope drie maande van meterlesings geneem is.

In gevalle waar verbruikers vermoed dat die meter opsigself dalk foutief mag wees, sal ons eers die moontlikheid van enige lekkasies moet uitskakel - hetsy aan die kant van die watermeter waarvoor die verbruiker verantwoordelik is, of aan die kant waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is. Artikel 6.8.1 van Overstrand se beleid op kliëntesorg, kredietbeheer en skuldinvordering bepaal dat indien die lek aan die verbruiker se kant van die meter is, hy of sy verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige uitstaande gelde sowel as vir die koste om die lekkasie te herstel.

Overstrand bied wel kliëntehulpprogramme aan vir daardie verbruikers wat geweldige waterverliese gely het. Vir meer besonderhede oor die bepalings en voorwaardes van hierdie programme, kontak asseblief jou naaste munisipale kantoor of besoek ons amptelike webwerf by www.overstrand,gov.za. Klik op die "*Documents/Policies*"-oortjie en laai die volledige "*Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy*" af. Om onnodige vermorsing en uitgawes van hierdie aard te voorkom, is dit raadsaam om alle lekkende toebehore (d.w.s. toilette en krane) te herstel, die hooftoevoer toe te draai wanneer jy beplan om vir 'n rukkie uitstedig te wees en om jou waterverbruik ten alle tye met groot sorg te kontroleer. Nog 'n alternatief sou wees om te vra dat die munisipaliteit 'n bo-perk op jou waterverbruik plaas deur 'n vloeibeperkende meter teen die goedgekeurde tarief te laat installeer. Let asseblief ook daarop dat om met enige munisipale meter te peuter 'n kriminele oortreding is wat swaar boetes en die onmiddellike opskorting van alle munisipale dienste tot gevolg sal hê. Indien jy enige vrae rakende munisipale dienste het, kontak ons gerus via **enquiries@overstrand.gov.za** en maak seker dat jy jou naaste munisipale kantoor besoek om jou rekeningbesonderhede te verifieer.

Doen jou deel om strenger waterbeperkings in Groter Hermanus te vermy

- Huishoudings word gevra om waterverbruik met 20% te sny

Gegewe dat die vlak van die De Bos-dam tans laer as 50% is, het Munisipaliteit Overstrand afgekondig dat vlak 1B-waterbeperkings vanaf 1 Maart 2018 in die Groter Hermanus-gebied (d.w.s. vanaf Benguela Cove tot Voëlklip) geld.

Teen druktyd het die dam se vlak op 46% gestaan.

Indien die dam se vlak laer as 40% sou daal, sal Overstrand noodgedwonge sy watertariewe moet verhoog om uitermatige watergebruik te ontmoedig.

Om te verhoed dat vlak 2-beperkings ingestel word - en die instelling van gepaardgaande hoër tariewe - doen ons 'n beroep op alle inwoners van die Groter Her-manus- gebied om asseblief gehoor te gee aan die volgende beperkings wat tans geld:

- Tuinslange mag nie gebruik word om voertuie en/of bote te was nie. Hierdie beperking geld nie vir kommersiële ondernemings wat in die was van voertuie spesialiseer nie.
- Munisipale drinkwater mag nie gebruik word om harde oppervlakke of plaveisel mee af te spuit of te was nie.
- Met die uitsondering van kommersiële kwekerye en diesulkes mag munisipale drinkwater slegs twee keer per week, een uur per dag, vóór 09:00 of ná 17:00 gebruik word om tuine, grasperke en sportgronde nat te spuit, en dan as volg:
  - ☞ Eiendomme waarvan die straatadres 'n gelyke nommer het: SLEGS op Woensdae en Saterdae
  - ☞ Eiendomme met 'n ongelyke nommer: SLEGS op Dinsdae en Saterdae

Indien daar nie aan hierdie bepalings gehoor gegee word nie, sal verbruikers per kennisgewing daarvan verwittig word, waarna 'n boete opgelê kan word. Ingevolge Overstrand se Waterverordening is die munisipaliteit ook by magte om huishoudings wat aanhou om hulle nie aan hierdie beperkings te steur nie, se watertoevoer af te sny of in te perk.

Let asseblief ook daarop dat alle waterputte en boorgate by die kantoor van die tersaaklike areabestuurder geregistreer moet word, en dat verbruikers verplig is om 'n gepaste kennisgewing in hierdie verband op hul eiendom te vertoon op só 'n wyse dat dit maklik vanaf enige openbare deurgang sigbaar is.

As ons saamstaan, kan ons 'n verskil maak

As elke huishouding sy bes doen om gemiddeld 20% op hul huidige waterverbruik oor die volgende drie of vier maande te bespaar, mag dit dalk nie nodig wees om vlak 2-waterbeperkings in te stel nie. Benewens om die beperkings soos hierbo uiteengesit te gehoorsaam, kan jy 'n verskil maak deur:

- Vinnig te stort eerder as om te bad.
- Die stort se water in 'n emmer of skottel te versamel sodat jy potplante daarmee kan nat maak of die toilet te spoel
- Slegs die toilet te spoel as dit regtig nodig is.
- 'n Glas te gebruik om jou tande te borsel in plaas daarvan om die kraan te laat loop.
- Jou wasgoed eerder een keer per week in groot bondels te doen. Wasmasjiene vermors heelwat water.
- Slegs een keer per dag skottelgoed te was.
- Waar moontlik reënwater te versamel.
- Waar moontlik krane en dies meer met waterbesparende alternatiewe toe te rus.
- Seker te maak dat krane/aansluitings nie lek nie en, indien wel, hulle so gou moontlik te herstel. (Sien artikel oor waterlekke elders op hierdie bladsy)

Sou vlak 2-waterbeperkings in werking tree, sal veral die benatting van tuine en grasperke kwaai geraak word. As die De Bos-dam se vlak onder 40% daal, sal die munisipaliteit genoop wees om ingevolge goedgekeurde waterbeperkingstariewe die eerste vlak van verhoogde tariewe in werking te stel, wat neerkom op 'n verhoging van 30% op alle huishoudelike gebruik bó 6 kℓ per maand. Ons kan egter hierdie ongewenste situasie vermy as almal hul deeltjie doen om water te bespaar. **Om watermisbruik en lekkasies te rapporteer, skakel 028 313 8000/8111 of 028 313 8996. Inwoners of ondernemings wat om vrystelling aansoek wil doen, kan Adenel Bayley kontak by 028 313 8972 of 'n e-pos rig aan depdircomsec@overstrand.gov.za.**

FynArts HERMANUS

VANJAAR SE FYNARTS BELOOF HOPE PRET!

Timothy Moloi beloof om sy gehore behoorlik te betower.

Sedert sy debuut in 2013 het die gewildheid van Hermanus se FynArts-fees met rasse skrede toegeneem, en kunsliefhebbers word aangeraai om maar eerder gouer as later hul kaartjies te bespreek vir die 120 items wat vanjaar vanaf 8 tot 17 Junie op die planke gebring gaan word. Vanjaar se program spog met 'n keur van kunstenaars wat - beide plaaslik en internasionaal - roem verwerf het in die wêreld van musiek, ballet en drama. Boonop gaan feesgangers die geleentheid hê om verskeie vermaaklike en verrykende uitstallings, demonstrasies en werksessies by te woon. Vir 'n volledige program, besoek **hermanusfynarts.co.za** of kontak Hermanus se toerismekantoor. Kaartjies kan aanlyn gekoop word by **Webtickets.co.za** of by Hermanus se toerismekantoor.